# HOëR VOLKSKOOL

## GRAAFF-REINET

## PROSPEKTUS

# SKOOLLIED VAN
# HOëR VOLKSKOOL

**O, Spandaukop jou fierheid**
**verwasem voor die gloed**
**van Graaff-Reinet se volksiel**
**en Afrikanermoed**

**Laat wêreldstad maar wemel**
**Laat see maar aanhou spoel**
**Hoër Volkskool staan hier rotsvas**

**Almal streef en werk en woel**

*****************************************************

## DIE SKOOLWAPEN EN LEUSE

Die wapen is deur mnr. J.A. Smith die destydse redakteur van die plaaslike Onze Courant ontwerp.

Die leuse: ***ONS SAL HANDHAAF,*** is deur C.J. Langenhoven voorgestel.

# INHOUDSOPGAWE

**Kontakbesonderhede** ……………………………………………………………….

**Geskiedkundig** ……………………………………………………………………..

**Die visie en missie van Hoër Volkskool** …………………………………….

**Middele waarmee Hoër Volkskool sy strewe kan verwesenlik** …………

**Gedragskode en Dissiplinêre Beleid vir leerlinge van Hoër Volkskool**

**Gedrag** ……………………………………………………………………………

**Kleredrag**…………………………………………………………………………..

**Netheid en voorkoms** …………………………………………………………..

**Juwele en Versierings** …………………………………………………………

**Hare** ……………………………………………………………………………….

**Dissipline** …………………………………………………………………………

**Vakkeuses** ………………………………………………………………………...

## KONTAKBESONDERHEDE

## HOëR VOLKSKOOL

**Plasketstraat / Posbus 21**
**GRAAFF-REINET**
**6280**

| | | |
|---|---|---|
| **Telefoon** | **:** | **(049) 891 0514** |
| **Webwerf** | **:** | **www.hvsgrt.org.za** |
| **E-pos** | **:** | **hoof@hvsgrt.org.za** |
| | **:** | **ontvangs@hvsgrt.org.za** |
| | **:** | **hvsfinansies@gmail.com** |
| | **:** | **debiteurehvs@gmail.com** |
| **Facebook** | **:** | **Hoër Volkskool Graaff-Reinet** |
| **Bankbesonderhede** | **:** | **Hoër Volkskool** |
| | | **FNB** |
| | | **Graaff-Reinet-tak** |
| | | **Takkode - 210 216** |
| | | **Rekeningnommer - 620 142 87 157** |
| | | **Verw.: naam van leerder / rek nr** |

## HUIS CRONJé

**Somersetstraat / Posbus 60**
**GRAAFF-REINET**
**6280**

| | | |
|---|---|---|
| **Telefoon** | **:** | **(049) 892 2373** |
| **Bankbesonderhede** | **:** | **Huis Cronjé** |
| | | **FNB** |
| | | **Graaff-Reinet-tak** |
| | | **Takkode - 210 216** |
| | | **Rekeningnommer - 620 343 44 614** |
| | | **Verw.: naam van leerder/Rek nr** |

# HOëR VOLKSKOOL

## GESKIEDKUNDIG

As die eerste Hoërskool in Kaapland met Afrikaans as sy enigste voertaal, beklee Hoër Volkskool ‘n besondere plek in die geskiedenis van Kaapland se Onderwys en deur die jare het hy steeds as ‘n baanbreker sy plek op die terrein van die Afrikaanse kultuur konsekwent gehandhaaf. Uit beroemde voorsate soos die “Midland Seminary” vir dogters, en die “Boy’s College” stam die Hoër Volkskool. Aan die einde van 1919 word dr. G. von W. Eybers as hoof van die “Boy’s College” aangestel en toe hy Nederlands deur Afrikaans vervang, het die poppe begin dans. Die Engelse ouers het nie met hierdie dubbelmedium seunskool genoeë geneem nie en stig ‘n private Engelse kerkskool wat later in die “Union High School” ontwikkel het. In 1921 word ds. J.F. Naudé bevestig as leraar van die NG-Gemeente en hy dring daarop aan dat die Taalordonnansie in die “Midland Seminary” tot sy reg moet kom, want hy het twee skoolgaande dogters gehad. Na ’n besoek van die destydse SGO, dr. Viljoen en sy hoofinspekteur, is besluit dat die ontevredenes ‘n skool sal kry waar Engels die voertaal sou wees en dat Afrikaanssprekende kinders in één skool sou saamkom onder hoofskap van dr. G. von W. Eybers om in hul moedertaal hul onderrig te ontvang. Die noodsaaklikheid van ‘n Afrikaanse skool het na die stigting in 1922 duidelik geblyk toe Afrikanerseuns en – dogters van heinde en ver gekom het om onderrig te ontvang – in so ‘n mate dat die skool spoedig vergroot moes word.

In 1926 is dr. Eybers opgevolg deur mnr. U. J. Cronjé wat 26 jaar lank die skool verder uitgebou en ontwikkel het. Sy hartstogtelike liefde vir die Afrikaanse taal en kultuur het ‘n groot indruk gemaak en aansteeklik gewerk en so het Volkskool gedy tot ‘n skool met ‘n Afrikaanse tradisie wat ongeëwenaard is.

Die verwoestende brand van 8 Mei 1949 en die gevolglike verwoesting van die gebou waar soveel lief en leed gedurende ‘n kwarteeu van toewyding deurgemaak is, kon die skool se trotse tradisie nie uitwis nie. Die oue het verbygegaan! Dit het alles nuut geword! Aan die einde van 1952 lê adv. Cronjé die tuig neer en die volgende jaar kom mnr. G. J. Smit as nuwe hoof. In sy tyd vind die skeiding van die twee skole plaas. Aan die begin van die tweede kwartaal 1954 het die sekondêre leerlinge en personeel verhuis na die nuwe Hoërskool in Plasketstraat. Mnr. H. C. de Beer het agtergebly as hoof van Laer Volkskool.

In 1954 is ook die pragtige nuwe koshuis, Huis Cronjé, betrek en is begin met die aanlê van die rugbyveld en atletiekbaan. Op 29 en 30 September 1955 neem die geagte SGO, dr. Meiring, die amptelike opening van die hoërskoolgeboue, sowel as Huis Cronjé, waar.

In 1958 kom mnr. D. L. van den Berg as opvolger van mnr. G. J. Smit. In sy tyd het die getalle so gestyg dat ‘n nuwe koshuis, Handhaaf, ontstaan het. Mnr. M. B. Brink

kom in 1964 en in sy tyd het die hokkieveld ‘n werklikheid geword en is die borsbeeld van wyle dr. H.F. Verwoerd deur mev. Betsie Verwoerd op 11 Oktober 1968 onthul. Die Brink-era word op luisterryke wyse afgesluit met ‘n pragtige en onvergeetlike jubileumfees in 1972. Die volgende drie jaar lank hou mnr. P. Bruwer die fort en begin Oktober 1976 neem mnr. A. Hattingh die leisels oor.

Kenmerke van die Hattingh-era was die baie fisiese geriewe wat die skool bygekry het. Voorbeelde hiervan is die swembad, verdere rugby-, hokkie- en krieketvelde, asook netbal- en tennisbane. Die droom van ’n kafee en ‘n eie klubhuis (Die Volksie) is ook in sy tyd verwesenlik. As oortuigde Christen en Afrikaner in murg en been het mnr. Hattingh ‘n diep stempel op die leerlinge van Volkskool afgedruk. In sy tyd het die skool gegroei tot een van dié Afrikaanse skole op die platteland. Teen die einde van sy termyn beleef die skool ook ‘n bloeitydperk wat leerlinggetalle betref.

Aan die begin van Oktober 1993 het mnr. J. Rossouw as agste skoolhoof by mnr. Hattingh oorgeneem. Gedurende Januarie 1997 is mnr. Rossouw gesekondeer na die Distrikskantoor as Onderwys-ontwikkelingsbeampte.

Vanaf 1997 word mnr. Fourie aangestel as waarnemende hoof en op 1 Oktober 1999 word hy aangestel as skoolhoof. Die pos het hy met besonderse toewyding tot en met sy afsterwe in 2012 beklee. Onder sy vaandel het Graaff-Reinet ‘n merksentrum vir die matriekeksamens geword. Hierdie inisiatief is ‘n groot finansiële inspuiting vir die skool.

Mnr. J.T. Dörfling het vanaf 20 Junie 2011 as waarnemende skoolhoof opgetree toe mnr. Fourie weens gesondheidsredes die skool moes verlaat. Mnr. H. van Rooyen is op 1 Oktober 2013 as skoolhoof aangestel en het aan die einde van 2018 afgetree. Mnr. J.T. Dörfling is op 01 Julie 2019 as skoolhoof aangestel, en het in April 2024 afgetree. Me. H Malan is in Julie 2024 as skoolhoof aangestel.

Gedurende 2022 is die eeufees van die skool op luisterryke wyse gevier. Die skool het ontwikkel en gegroei om sy plek vol te staan in die Nuwe Suid-Afrika.

Vandag kan Hoër Volkskool met trots terugkyk op wat is vanaf die stigting bereik. Die skool het seuns en dogters onderrig wat hulle plek op elke gebied van die samelewing volstaan. Met trots kan Volkskool ook daarop aanspraak maak dat die Voortrekkerbeweging hier ontstaan het. Japie Heese, ‘n oudonderwyser, was deel van die groep wat die beweging begin het.

‘n Tradisie is geskep en die grondslae vir toekomstige sukses is gelê. Die skool vra getrouheid aan hierdie tradisie. Mag die leuse, “Ons sal Handhaaf”, steeds ‘n inspirasie vir die toekoms wees.

# <u>HOëR VOLKSKOOL SE VISIE EN MISSIE</u>

## <u>VISIE</u>

***OM MET ALLE BESKIKBARE MIDDELE, ELKE LEERLING TOT SY VOLLE POTENSIAAL TE LEI.***

## <u>MISSIE</u>

***OM ‘N WARE TUISTE VIR DIE AFRIKAANSSPREKENDE KIND TE BIED DEUR :***

- **die Christelike waardes en norme voortdurend te bevorder :**
- **vaderlandsliefde te bevorder :**
- **eerbied vir die andersheid vir die verskeidenheid inwoners van die RSA te bevorder :**
- **trots en liefde vir die Afrikaanse taal en kultuurgoedere te handhaaf en uit te bou :**
- **die tradisie van die skool te handhaaf en uit te bou :**
- **samewerking en positiewe gesindhede tussen die skool, ouerhuis, kerk en samelewing na te streef en te beoefen :**
- **liefde en eerbied vir die natuur en die bewaring daarvan aan te wakker :**
- **liefde en waardering vir die skone aan te kweek en talente te ontwikkel :**
- **die leerlinge tot selfdissipline te lei deur die handhawing van ordelikheid en dissipline :**
- **akademiese onderrig en geleenthede sodanig aan te bied en te reël dat elke kind sy akademiese potensiaal ten volle sal verwesenlik :**
- **‘n verskeidenheid sportsoorte aan te bied ten einde gesonde liggaamlike ontwikkeling en die aankweek van ‘n positiewe sportiewe gesindheid te bewerkstellig :**
- **met ewewigtige opvoeding die kind tot verantwoordelike volwassenheid te lei.**

# MIDDELE WAARMEE HOëR VOLKSKOOL SY
# STREWE KAN VERWESENLIK

## 1. AKADEMIESE GEBIED

Die vakkeuse is so beplan dat daar vir baie verskillende studierigtings voorsiening gemaak word. Daar word gepoog om die kind 'n gebalanseerde opvoeding te gee wat as volwasse persoon sy/haar plek in die lewe kan volstaan.

## 2. EKSTRA KURRIKULêRE BEDRYWIGHEDE

**2.1 SPORT: (Afrigting in die volgende sportsoorte word aangebied) :**
Atletiek / Krieket / Swem / Netbal / Tennis / Boogskiet / Hokkie / Rugby

**2.2 KULTUREEL / GODSDIENSTIG: (Leerlinge kan aan die volgende deelneem) :**
VCSV / Skaak / Landsdiens / Redenaars / ATKV-Jeugtak / Debat

**2.3 AKADEMIE:**
Robotikavereniging

## 3. BUITESKOOLSE BEDRYWIGHEDE : **Aan leerlinge word periodiek geleentheid gebied om deel te neem aan :**

Jeugleierskursusse / Avontuuruitstappies / Lewensvaardighede / Kunstefeeste en Kultuuraande / Bloedskenk / Noodhulp

## 4. BUITESKOOLSE EKSAMENS : **Geleentheid word aan leerlinge gebied om aan die volgende deel te neem :**

Admaths / Wiskunde-, Wiskundige Geletterdheid-, Rekenaar-, Rekeningkunde- en Wetenskapolimpiades / Wêreld Entrepreneursolimpiade / WOW-Spelfees

## 5. SKOOLGELD:

'n Verpligte bedrag word jaarlikse gehef. Hierdie bedrag kan eenmalig, kwartaaliks of oor 11 maande betaal word. Handboeke kan ook jaarliks by die skool gehuur word teen R650 per jaar.

## 6. HUIS CRONJé LOSIESGELD

- Kwartaalliks vooruitbetaalbaar.
- Skade deposito van R1 000,00 word eenmalig betaal, en oorgedra elke jaar, indien die leerder nie verantwoordelik is vir enige skade nie.

## 7. SKOOLTYE:

**SOMER EN WINTERTYE:** *Januarie tot Desember:*

- Die skool begin daagliks om 07:15 en verdaag om 13:30.
- Op die eerste skooldag van die week of aan die begin van ‘n nuwe kwartaal begin die skool om 07:25.
- Vrydae verdaag die skool om 13:00

**‘n Ernstige beroep word op ouers gedoen om toe te sien dat leerders elke dag betyds by die skool is. Indien leerders op ‘n gereelde basis laat is en na die lui van die skoolklok by die skool inkom, sal die leerder gestraf word.**

Skooltye mag van tyd tot tyd verander en/of aangepas word indien dit nodig geag sou word deur die Skoolhoof, veral in tye van nood.

# GEDRAGSKODE EN DISSIPLINêRE BELEID VIR LEERLINGE VAN HOëR VOLKSKOOL

Alhoewel die Staat die verpligting het om Onderwys beskikbaar en toepaslik te maak, moet dit aangevul word deur die toewyding en aanvaarding van verantwoordelikheid deur ander vennote in die Onderwys, in hierdie geval die leerders.

## DOELWITTE VAN DIE GEDRAGSKODE:

1. Uitbouing van die visie en missie van Hoër Volkskool.
2. Die skep van 'n opvoedkundige milieu.
3. Daarstel van 'n gelukkige en geordende skoolgemeenskap.
4. Ontwikkeling van 'n trots vir die skool, skooldrag, netheid van die terrein en respek om eiendom te beskerm.
5. Handhawing van ferm, dog billike en regverdige dissipline met die doel om selfdissipline onder leerders te bevorder.
6. Vestiging van onberispelike gedrag, respek, goeie maniere en bedagsaamheid van elke leerder teenoor alle vowassenes en medeleerders.
7. Vestiging van maatreëls ter handhawing van die orde op alle vlakke en gebiede van die skoollewe.
8. Om remediërende aksies te loods wat negatiewe gedrag aanspreek.

## REGTE VAN INDIVIDUE EN GROEPE:

1. Demokrasie op alle vlakke.
2. Geen diskriminasie.
3. Privaatheid, respek en waardigheid.
4. 'n Geweldvrye omgewing, vryheid en sekuriteit vir elke leerder.
5. 'n Goeie en effektiewe opvoedingstelsel.

Alhoewel Artikel 5(3)(B) van die SA-Skolewet bepaal dat: *"'n leerder nie toelating tot die skool geweier kan word omdat sy/haar ouers nie die gedragskode van die skool onderskryf nie"*, word dit in Artikel 9(4) van die SA-Skolewet duidelik gestel dat: *"geen bepalings van hierdie wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie."*

Dit beteken dus dat ALLE LEERDERS verplig word om te voldoen aan die vereistes van die gedragskode van die skool. Hierdie gedragskode is 'n oordraagbare dokument wat nie elke jaar hernu hoef te word nie.

Die nie-lees van hierdie dokument is nie 'n geldige verskoning indien die leerder die dokument ontvang het nie.
Die SA-Skolewet se klassifikasie van ernstige en minder ernstige oortredings is van toepassing.

## ALGEMEEN:

1. Leerders mag nie minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole openbaar nie.
2. Verkeersreëls moet eerbiedig word.
3. Eiendom van die skool of derde persone mag nie beskadig, ontsier of gesteel word nie.

4. Leerders moet **betyds** vir skool opdaag. Leerlinge wat laat kom, meld by die kantoor aan.
5. Leerders mag nie op die skool- of koshuisterrein of terwyl hy/sy lid van 'n groep is wat die skool verteenwoordig of in skooldrag geklee is, enige rookgoed, dwelms of alkoholiese drank in sy/haar besit hê/gebruik nie. Geen huishoudelike middels wat 'n bedwelmende uitwerking mag hê, mag gebruik word nie. Dit bly die skool se morele plig om ouers in te lig van oortredings wat onder ons aandag kom, maar wat nie onder die jurisdiksie van die skool val nie. (Sien dwelmbeleid)
6. Leerders mag nie aanstootlike leesstof/materiaal op die terrein, of terwyl hulle in skooluniform geklee is, of terwyl die skool verteenwoordig word, in hul besit hê nie.
7. Leerders mag nie gevaarlike items of wapens op die terrein, of in skooluniform, of terwyl die skool verteenwoordig word, in hul besit hê nie.
8. Geen geriewe of toerusting van die skool mag sonder toestemming van die personeel gebruik word nie.
9. Daar word van alle leerders verwag om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem waarvan ten minste een 'n somer- en een 'n wintersport moet wees en/of 'n kultuuraktiwiteit.
10. Bakleiery, vuiltaal of terugpratery teenoor 'n skeidsregter/onderwyser(es)/mede- leerder en/of enige persoon betrokke op 'n sportveld/klaskamer/skoolterrein en/of enige plek in en om die dorp word nie geduld nie.
11. Matriekafskeide: metgeselle kan slegs graad 10 tot 12 ingeskrewe leerders van skole wees en bewys moet gelewer word.
12. Leerders moet te alle tye vriendelik optree waar ookal en almal groet op enige terrein. Ons staan op en groet wanneer volwassene verby stap. Hande mag **nooit** in broeksakke wees nie.

## <u>AFWESIGHEID</u>:

1. Afwesigheid sonder 'n geldige verskoning is 'n **wetsoortreding**.
2. Die ***<u>skoolkantoor</u>*** (sekretaresse) moet **skriftelik/telefonies** deur die ouer/voog in kennis gestel word van enige vorm van afwesigheid. *<u>Ouers mag **geen** afwesighede deur die onderwyspersoneel deurgee nie.</u>*
3. Afwesigheid gedurende **toetse/eksamen/werkopdragte wat deel vorm van 'n jaarpunt**, moet deur 'n **doktersbrief** vergesel word. **Punte word verbeur indien hierdie reël oortree word.**
4. Wanneer 'n leerder afwesig was, is dit sy verantwoordelikheid om toe te sien dat agterstallige werk ingehaal word.
5. Sportafrigters moet in kennis gestel word van die afwesigheid van leerders met 'n geldige rede. Indien die leerder afwesig was tydens die skooldag, mag hy/sy nie sport bywoon nie
6. ALLE afsprake vir leerders moet na skool-ure gemaak word (bv. dokter/fisio ens.) Spesiale toestemming vir uitsonderings moet skriftelik VOORAF, met die skoolkantoor gereël word.
7. Indien leerders tydens skool ure siek raak, moet die leerder by die skoolkantoor uitgeteken en afgehaal word deur die ouer of voog. Geen leerder mag huis toe stap nie.

## <u>TASSE, SKRYFBEHOEFTES EN HANDBOEKE</u>:

1. Versterkte rugsakke, wat handboeke beskerm, moet gebruik word.
2. Slegs **nie-programmeerbare sakrekenaars** mag gebruik word.
3. Handboeke moet met plastiek oorgetrek word (geen "contact" nie) en die leerder se naam en jaartal moet met ink in die stempel in die boek se omslag aangebring word.
4. Skryfboeke moet op 'n welvoeglike manier oorgetrek word.
5. Daar mag nie met **permanente ink** in handboeke geskryf word nie. **(Geen "Highlighters" nie)**
6. Handboeke word ingehandig tydens die November eksamen, op die dag wat die laaste vraestel in 'n bepaalde vak geskryf word. Indien die handboek beskadig is/nie ingehandig word nie, sal die ouer **verplig** wees om die skool **te vergoed** dienooreenkomstig die betrokke boek se koste om die boek te **vervang.**

**<u>TERREIN</u>:**

1. Leerders **mag nie** na skoolure (insluitend naweke en vakansies), sonder verlof die skoolterrein betree nie.
2. Leerders **mag nie** die skoolterrein tydens skoolure, **sonder toestemming, verlaat nie**. Toestemming kan slegs deur die skoolhoof/sy gemagtigdes gegee word.
3. Alle besoekers (ouers ingesluit) **moet by** die kantoor aanmeld.
4. **Geen** harde voorwerpe mag op die terrein gegooi word nie, tensy dit deel is van 'n amptelike sportoefening onder toesig.
5. Om netheid van die terrein te verseker, **moet** rommel in die bestemde houers gegooi word.
6. Blomme, blare/takke **mag nie** op die terrein, sonder toestemming van die personeel, gepluk word nie.
7. <u>**Verbode terrein**, te alle tye, tydens skoolure</u>
    - 7.1 Personeelkamer
    - 7.2 Fiets-, Motorfiets- en Leerdermotor parkeerplekke
    - 7.3 Tennisbane, netbalbane, swembad, krieketnette en skietbaan
    - 7.4 Busskuur
    - 7.5 Dam, Bome, Takke en op mure
    - 7.6 Koshuisterrein
    - 7.7 Landboutuin
    - 7.8 Klaskamers (slegs tensy toestemming van personeel verkry is)
    - 7.9 Personeelvoertuie
    - 7.10 Voor hoofgebou
    - 7.11 Saal
    - 7.12 Gange
    - 7.13 Kantore van die skool
    - 7.14 Portaal tussen personeelkamer en kantoor

**<u>FIETSE, MOTORFIETSE EN MOTORS:</u>**

1. Leerders **mag nie** op die skoolterrein met fietse, motorfietse/motors ry nie.
2. Die eienaar van die fiets, motorfiets of motor **moet** die nodige stappe neem om diefstal te voorkom.
3. Motorfietse parkeer slegs by die busskuur.
   Die skool sal aandui waar motors parkeer mag word.
4. Motors **mag nie** tydens skoolure deur leerdereienaars besoek word nie.

# GEDRAG:

## ALGEMEEN:

1. ‘n Leerder wat Erekleure ontvang het en hom/haar skuldig maak aan ‘n oortreding waardeur die skool se naam oneer aangedoen word, kan voor ‘n tugverhoor deur die Beheerliggaam gedaag word en sy/haar erekleure kan van hom/haar ontneem word.
2. Leerders **mag nie** in gevegte betrokke raak, ander leerders opsweep, beledig, boelie intimideer/mishandel nie.
3. Leerders moet hulle **weerhou** van kriminele, immorele en godslasterlike optrede.
4. Leerders moet hulle **weerhou** van haatspraak, seksisme en rassisme.
5. Leerders **mag geen** graffiti op die skoolterrein /eiendom of op ‘n persoon aanbring nie.
6. Leerders word, ter wille van goeie etiket en respek, versoek om **te alle tye** te let op:
    - 6.1 taalgebruik
    - 6.2 nie te loop/staan met hande in hul sakke nie
    - 6.3 hoflikheid (staan op en groet beleefd), groet in die dorp wie by jou verby loop.
    - 6.4 kou van kougom in skooldrag, op skoolterrein/koshuisterrein/in die dorp word **verbied**.
    - 6.5 liefkosing in skooldrag (hande vashou ingesluit)/op skool-/ koshuisterrein of in die dorp word verbied
    - 6.6 aanvaarbare toiletgewoontes
    - 6.7 onbetaamlike gedrag in die openbaar te vermy (ook na ure wanneer jy as leerder van Hoër Volkskool geïdentifiseer kan word)

## SAAL:

1. Volle skooldrag, baadjie en das (seuns) **word vereis vir elke saalbyeenkoms**.
2. Leerders **sit in rye** volgens grade.
3. Leerders **is stil** tydens die saalbyeenkoms en gee erkenning (handeklap) vir prestasies op ‘n ordelike wyse.
4. Leerders **staan op aandag** (regop en met hande langs hul sye) tydens die sing van die volkslied en skoollied.
5. Spankapteins wat verslag lewer van deelname, **moet voorbereid wees**, die regte terme gebruik en **suiwer** Afrikaans praat.
6. Formele byeenkomste in die saal **moet ordelik en stiptelik** wees.

## GANGE:

1. Stap in enkelrye, ordelik, flink en met die **kortste roete** na die volgende klas.
2. **Geen tasse** in die skoolgebou tydens pouse nie.
3. **Geen etery of drinkery** in gange nie.
4. Skilderye, foto’s, plakkate en kennisgewings mag nie **beskadig of verwyder** word nie.
5. Lobbies mag nie tydens skoolure gebruik word om te kuier nie.

## KLASKAMERS:

1. Die **spesiale reëls** wat vir die gebruik van die laboratorium, biblioteek, kombuis en rekenaarlokaal geld, moet **streng** nagekom word.
2. Leerders moet **betyds** by klasse opdaag en **mag nie** sonder toestemming van die betrokke onderwyser uit die klaskamer beweeg/afwesig wees nie.
3. Leerders mag nie tydens klastyd in die gange beweeg nie.
4. Leerders **mag nie** voorwerpe in die klaskamer gooi nie.

5. Leerders moet alle nodige handboeke, skryfboeke en skryfbehoeftes te alle tye beskikbaar hê.
6. Leerders **moet altyd eerlik wees** tydens toetse en eksamens en met werksopdragte.
7. Water moet in 'n **deurskynende plastiekbottel** wees en mag, met die goedkeuring van die klasonderwyser, tydens klastyd gedrink word. Bottels moet tydens pouse hervul word.
8. Leerders **moet** alle redelike opdragte van die personeel, leerlingraad en klasverteenwoordigers uitvoer.
9. Leerders **mag nie** sonder toestemming praat of rondbeweeg nie.
10. Tree met die nodige **respek** teenoor jou onderwyser en medeleerders op.
11. Gooi alle rommel in die houer voorsien.
12. Toerusting, skoolbanke en mure **mag nie** beskadig word nie en **moet** skoon gehou word.
13. Die skoolkantoor mag slegs voor skool, tydens pouse en na skool deur leerders besoek word. Die hoofingang moet gebruik word en nie die voorportaal as 'n deurgang nie.

## KLEREDRAG

**(beskikbaar by Nommerpas Graaff Reinet, Kerk Straat – Tel: 049-892 4649; nommerpassa@gmail.com)**

**SKOOLDRAG:**

**SEUNS:**

**SOMER:**

Grys langbroek of kortbroek
Wit hemp
'n Das word slegs gedra saam met 'n skoolbaadjie, andersins geen das
Langmou/moulose maroen trui
Grys Volkskool kniekouse
Gladde swart **toeryg** skoolskoene (**NIE FLUWEEL NIE)**
Lyfbande : bruin/swart/grys met gespes dieselfde grootte as lyfband (**geen** simbole/spreuke)
***SAALPERIODES is kleurbaadjie en das verpligtend***

**WINTER:**

Grys langbroek of kortbroek
Wit langmouhemp
Das en baadjie is verpligtend elke dag (lengte tussen 4de en 5de knoop van bo)
Langmou/moulose maroen trui
Wit/swart/maroen serp
Swart handskoene
**SLEGS**: 'n wit T-hemp **SONDER** drukwerk mag onder skooldrag gedra word. **Dit mag ook nie sigbaar wees nie**.

**DOGTERS:**

**SOMER:**

'n Maroen geruite rok (roklengte ± 4 vingers bo knie as dogter op knieë staan)
Langmou/moulose maroen trui
Kort, wit sokkies
Swart skoolskoene
***SAALPERIODES is kleurbaadjie verpligtend***

**WINTER:**

Maroen rok met swart sykouse/maroen langbroek met maroen/swart kniekouse
Wit langmouhemp
Das en baadjie is verpligtend elke dag
Langmou/moulose maroen trui
Wit/swart/maroen serp
**SLEGS:** 'n wit T-hemp **SONDER** drukwerk mag onder skooldrag gedra word en mag nie uitsteek nie.
**Geen** sweetpakbaadjie mag in die plek van 'n skooltrui of 'n skoolbaadjie gedra word nie.
Swart "Skipants" mag onder rok gedra word, maar mag nie langer as die rok wees nie, **mag nie uitsteek nie.**

### LEWENSORIëNTERING (LO)

**SEUNS:** Swart kortbroek

**DOGTERS:** Maroen/swart kortbroek

**SEUNS EN DOGTERS:** **Winter: SKOOLSWEETPAK** moet volledig gedra word. Tydens klaswisseling word sweetpakbaadjie aangetrek en ritssluiter tot bo toegetrek. Swart Volkskool T-hemp met maroen kraag OF maroen moulose sporthempie. Wit/swart sportkouse en erkende hardloop- of tennistekkies.
**Somer: SPORTKLERE** kan gedra word in plaas van 'n volle sweetpak.

**‘n VOLLE SWEETPAK** mag andersins slegs gedra word wanneer voorgeskryf deur sport- of vakonderwyser.

## MATRIEKS:

Swart langmou/moulose matriektrui en goedgekeurde matriekbaadjie (op skooldae, behalwe Maandae)

**Die trui is verpligte matriekdrag**, die baadije is egter opsioneel.

## SPORTDRAG:

- **Slegs** eerste spanne se wedstryddrag mag afwyk van die voorgeskrewe sportdrag. **(soos goedgekeur deur die skool).**
- **Geborgde hemde** vir alle spanne **mag slegs** swart, wit of maroen wees en **alle borgaansoeke** word deur die kantoor hanteer.
- Slegs **swart, wit of maroen pette** mag gedra word, ***GEEN*** gekleurde of ander kleur pette is toelaatbaar nie.

## ATLETIEK:

***SEUNS:***
Swart kortbroek
Swart/maroen sporthempie
Spykerskoene/hardloopskoene
Atletiek frokkie

**DOGTERS:**
Maroen/swart kortbroek
Swart/maroen sporthempie
Spykerskoene/hardloopskoene
Atletiek frokkie

## TENNIS:

**SEUNS:**
Swart kortbroek
Swart/maroen kortmou sporthempie
Maroen/wit pet en tekkies
Wit kouse

**DOGTERS:**
Maroen rompie of ‘n swart/maroen kortbroek
Swart/maroen sporthempie
Maroen/wit pet en tekkies
Wit kouse

## SWEM:

**SEUNS:**
Swart swembroek by formele Volkskoolgala’s en kompetisies
Swart Volkskool swempet

**DOGTERS:**
Swart eenstukkostuum by formele Volkskoolgala’s en kompetisies
Swart Volkskool swempet

## NETBAL:

Maroen rompie
Maroen moulose hemp
Erkende sportskoene
Wit kouse
**Geen** juweliersware nie

## KRIEKET:

**Eerste span**: wit langbroek
**Tweede span**: wit kort- of langbroek
Rugbykouse
Wit gholfhemp met maroen kraag
Wit krieketskoene/sportskoene
Wit kriekethoed/Volkskool pet

## HOKKIE:

Maroen rompie
Hokkiekouse
Erkende hokkieskoene/sportskoene
Mondskerm
Beenskutte
**Geen** juweliersware

## RUGBY:

Swart kortbroek
Swart Volkskool oefenhempie
Rugbytrui
Rugbykouse
Rugbystewels
Mondskerm

## BOOGSKIET :

**SEUNS EN DOGTERS :**
Volkskool sporthemp / Boogskiet hemp en skool sweetpak

## OEFENDRAG:

Volkskool oefenklere moet tydens sportoefeninge gedra word. Indien leerders elke dag by oefeninge betrokke is, mag slegs wit/swart T-hemp ook gedra word by die oefeninge.
Slegs eenkleurige wit of swart kouse mag gedra word.

## EREKLEURE:

- Maroen baadjie met omboorsel. Omboorsel by moue ± 10cm vanaf die onderkant.
- ‘n Wit toeknoophemp met erekleuredas word die hele jaar gedra (seuns) en gedurende wintermaande (dogters).
- Erekleure word getoon deur ‘n goue balkie, aan die linkerkant, onder die sak.
- Erekleuretoekenning(s) word bo mindere toekenning(s) getoon. ‘n Aktiwiteit word slegs **eenmalig** deur middel van die hoogste toekenning getoon.

# NETHEID EN VOORKOMS:

## AANDFUNKSIES BY DIE SKOOL EN "CIVVI" DAE:

Die persoonlike voorkoms en kleredrag moet voldoen aan die welvoeglikheidsnorme wat normaalweg aanvaar word in die gemeenskap wat deur die skool bedien word.
"**Reëls van civvidae**" (sien bladsy 15 &16) moet **nagekom** word.

## ONDERSTEUNING:

- By Redenaars- of debatbyeenkomste word **volle** skooldrag gedra.
- Tydens sportgeleenthede gedurende die kwartaal, waar Volkskool verteenwoordig word, word **volle skooldrag** deur seuns gedra tydens tuis- en wegwedstryde.
- Tydens **Interskole *dra alle deelnemers en ondersteuners volle skooldrag***.
- Dogters wat deelneem, kan by **weg- en tuiswedstryde** 'n volle sweetpak dra.
- Somersport mag in Volkskool LO-klere ondersteun word.

## JUWELE EN VERSIERINGS:
### (waar skool sigbaar verteenwoordig word)

- **Geen** versierings soos hangertjies en armbande mag gedra word nie.
- Horlosies: Armhorlosies sonder enige versiersels, slegs swart/wit/maroen/bruin/silwer en goudkleurig word toegelaat.
- Oorbelle: ***slegs dogters***:
  - **slegs** knoppies ("studs") van maksimum 4 mm; beide silwer/goud
  - **slegs gr 11 en 12 dogters:** pêrelkleurige oorbelle 5mm
  - **slegs** een per oor in die **onderste** lel in albei ore;

    *Indien 'n 2de gat ingeskiet word, moet dit tydens vakansies gedoen word.* **GEEN** *oorbelle mag toegeplak word of "merkers" mag daaroor gedra word nie.*

**GEEN** ***sigbare "piercings" / tattoeërmerke mag aangebring word nie.***

- **Geen** vorm van grimering en gekleurde naellak word toegelaat nie. Naels **moet** kort wees (seuns en dogters)
- **Geen** tongringe mag gedra word nie.
- **Geen** komberse mag skool toe gedra word nie.
- Erkende skooltekens vir leierskap/sport en kultuur in die betrokke jaar verwerf, asook die landsvlag mag gedra word.
- Slimhorlosies word toegelaat, maar **glad nie** in eksamen en/of toetsreekse **nie**.

# **HARE**:

Hare **mag nie** onnatuurlik gekleur word nie;
Hare **mag nie** in lae "steps" gesny word nie;
**Geen** stileermiddels word toegelaat nie.
**Geen** kopdoeke nie

## **SEUNS**:

**Moet** elke dag ***skoon*** geskeer wees.
Wangbaarde ("sidies") moet net tot in die middel van die oor wees.
As hare vorentoe gekam word, moet dit nie die wenkbroue raak nie.
**Mag nie** oor die ore hang nie.
**Mag nie** aan die kraag raak as jy regop staan nie.
**Mag nie** langer as 4 cm bo-op die kop wees nie.
**Moet** netjies om die ore, kante en agter wees
**Moet** in 'n natuurlike styl gekam word.
**Geen** vlegsels.

## **DOGTERS**:

**Mag nie** in die oë hang nie en **moet** met knippies vas wees as dit langer as die wenkbroue is.
**Moet** vasgemaak word as dit langer as die onderkant van die kraag hang.
Haarbande/rekkies **moet** in maroen/wit/swart wees.
Haarverlengstukke **moet** dieselfde kleur as die natuurlike hare wees.
Hare **moet** in 'n natuurlike styl gedra word.
Haarversiersels **mag nie** gedra word nie.

## **CIVVIE-REËLS**

### **SEUNS:**

1. Geen t-hempde met aanstootlike woorde of prentjies mag gedra word nie.
2. Geen kort of stywe hardloopbroekies mag gedra word nie.
3. Klere mag nie geskeur wees nie en geen onderklere mag uitsteek nie.
4. Plakkies mag gedra word, maar mag nie kaalvoet skooltoe kom nie.
5. Geen juwele mag gedra word nie, m.a.w. **geen armbande, geen oorbelle en geen hangertjies nie.**
6. Geen pette of musse mag in die skoolgebou gedra word nie.
7. Gewone haarreëls geld.
8. Geen pantoffels of plakkies wat lyk soos pantoffels, mag gedra word nie.

### **DOGTERS:**

1. Geen grimering mag gedra word nie.
2. Geen juwele mag gedra word nie, m.a.w**. geen hangertjies en geen armbande nie.**
3. Oorbelle mag enige ander knopies wees, nie hang oorbelle nie. Slegs een oorbel in die onderste gaatjie.
4. Gewone haar- en naelreëls geld.
5. Indien jy 'n rokkie of 'n kort broek aantrek, moet dit tot bokant jou knie kom, m.a.w. dieselfde lengte as jou skoolrok.

6 Stywe broeke mag aangetrek word, maar moet saam met 'n hemp gedra word wat jou boude toemaak.

7 Kort hempies wat jou maag laat uitsteek, mag nie gedra word nie.

8 Slegs hempies en rokkies met moutjies mag gedra word, nie spaghetti- bandjies nie.

9 Jou halslyn mag nie wys nie.

10 'n Netjies jean mag gedra word. Indien hy geskeur is, mag hy net tot by die knie geskeur wees. Niks hoër nie.

11 Geen onderklere mag uitsteek nie, klere mag nie deurskyn nie.

12 Plakkies mag gedra word, mag nie kaalvoet skooltoe kom nie, en geen pantoffels of plakkies wat lyk soos pantoffels nie.

**Indien daar nie gehoor gegee word aan hierdie reëls nie, sal jou ouers gekontak word om jou te kom haal en moet jy terugkom in skooldrag.**

## <u>SOKKIE REËLS:</u>

1. **Geen** vloeistof mag by die sokkie-terrein ingeneem word nie. Die snoepie sal oop wees.
2. Die onderwyser aan diens behou die reg om enige sakke deur te soek vir enige verbode middels.
3. Indien enige **alkohol/sigarette/ dwelmmiddels/ 'vapes'** by jou gevind word, sal jou ouers onmiddellik gebel word om jou te kom haal.
4. Sokkie se deure maak 18:30 oop en alle sokkiegangers moet ingeteken word.
5. Niemand word na 19:30 toegelaat om by die sokkie in te gaan nie, behalwe indien met die onderwyser gereël is.
6. Niemand mag die sokkie voor 20:30 verlaat nie. Indien jy vroeër moet gaan, moet jou ouers jou by die Volksie kom haal.
7. Indien iemand die sokkieterrein voor 20:30 verlaat, mag hulle nie weer by die sokkie aansluit nie.
8. Sokkiegangers mag nie aan mekaar hang, anders as vasdans, op die sokkieterrein nie.
9. **Slegs Hoër Volkskool leerlinge** word by die sokkie toegelaat, tensy vooraf anders gereël is.
10. Na afloop van die sokkie moet elke sokkie-ganger uitgeteken word.

# DISSIPLINE:

**Die waardes waarna Hoër Volkskoolleerlinge moet streef, is**:

***EERLIKHEID / RESPEK / VOLHARDING / VERDRAAGSAAMHEID /***

***POSITIWITEIT / LOJALITEIT /***

***ONDERWERPING AAN GESAG / GETROUHEID EN BEDAGSAAMHEID***

Leerders kan drie tipe inskrywings teen hul kry, naamlik:

1. KORREKSIEPUNTE : Dit word gegee vir onverantwoordelikheid en aandagsoekende gedrag.
   LIMIET= 10 punte

2. STRAFPUNTE : Punte word toegedien volgens die erns van die oortreding.

3. POSITIEWE PUNTE : Leerders kan positiewepunte kry indien hul goeie gedrag/karaktereienskappe wys.

Sodra 'n leerder sy/haar **limiet oorskry**, word die ouer/voog per brief ingelig en afhangende van die vlak van die oortreding sal 'n aksieplanvergadering belê word tussen onderwyser, ouers/voogde en leerder.

Strafdienste **na skool** sal deur die leerders gedoen word soos deur skool bepaal.
**Strafdienste** word in skooldrag gedoen. **Geen huiswerk word tydens strafdienste gedoen nie**.

***GEEN selfone en/of enige elektroniese toestelle word in die leerders se besit toegelaat tydens skoolure nie. Indien 'n leerder met 'n selfoon/toestel betrap word, word die foon/toestel afgeskakel en met alles (sagteware/battery, ens.) vir 90 dae vanaf konfiskering (wat vakansies mag insluit) in die kluis van die skool toegesluit, of leerders kan die toestel terug ontvangs met 'n boete van R500.00***

***Juwele en ander ontoelaatbare kleredrag of toerusting wat van leerders gekonfiskeer is, word vir 14 dae in die kluis by die skool toegesluit.***
***Geen musiektoerusting of oorfone word toegelaat by amptelike skoolaktiwiteite nie.***

# VAKKEUSES:

## GRAAD 8 EN 9 :

**Standaardleerplan in alle skole:**

**Afrikaans Huistaal**
**Engels Eerste Addisionele Taal**
**Wiskunde**
**Natuurwetenskappe**
**Sosiale Wetenskappe**
**Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe**
**Tegnologie**
**Digitale Tegnologie**
**Lewensoriëntering**

## GRAAD 10, 11 EN 12:

## VERPLIGTE VAKKE:

**Afrikaans Huistaal**
**Engels Eerste Addisionele Taal**
**Lewensoriëntering**
**Wiskunde / Wiskundige Geletterdheid**

**EEN VAK UIT ELK VAN DIE VOLGENDE GROEPE:**

**GROEP 1:** **Fisiese Wetenskap / Landbouwetenskap / Besigheidstudies / Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)**

**GROEP 2:** **Lewenswetenskap / Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) / Verbruikerstudies**

**GROEP 3:** **Rekeningkunde / Ingenieursgrafika en –ontwerp / Toerisme**

**NOTA RAKENDE FISIESE WETENSKAP:** Suiwer Wiskunde is **verpligtend** indien Fisiese Wetenskap as vak geneem word.

# TOELATING TOT ‘n UNIVERSITEIT:

Hier moet duidelik onderskei word tussen sogenaamde “**matrikulasievrystelling”** wat beteken ‘n leerling kan toegelaat word tot ‘n universiteit en toelating tot ‘n spesifieke kursus aan ‘n universiteit.

Vir toelating tot ‘n universiteitsgraad moet ‘n leerling 50 % in Afrikaans Huistaal behaal, asook 50 % in enige ander 3 vakke.

Toelating tot ‘n universiteit beteken nie noodwendig toelating tot ‘n spesifieke kursus nie. Verskillende kursusse het verskillende vereistes wat die toelatingspunt genoem word. Die toelatingspunt word bepaal deur die som van die syfersimbole behaal per vak (in die meeste gevalle ALLE vakke, behalwe Lewensoriëntering). Dit verskil egter van universiteit tot universiteit en van kursus tot kursus.

# GRAAFF-REINET

## JUWEEL VAN DIE KAROO

***In die hart van ons land in die Groot Karoo***
***lê Graaff-Reinet uitgeswel soos 'n rondvet kambro***
***Sondagsrivier het jou mooi omgesoom***
***en jy kan oor baie jare se skatte bly droom***

***Teen die hange van Sneeuberg en Ouberg se rand***
***steek die hoogmiddagson 'n kanniedood aan die brand***
***Angorabokkuddes kook soos melk oor die hang***
***en die jongmense jol by Van Ryneveldspasdam***

***Die noordwestewind stof Spandauskop af***
***huil deur die kokers en draf Verlatenheid kaf***
***tiekiedraai om jaar toet se ou wingerdstok***
***woed deur Drostdyhof en lui die slaweklok***

***En daar is ghwarriebos en wildepruim***
***noem-noem en granaat***
***tussen soetdoring en karee***
***kry koedoebul sy maat***

***Stap ons verby 'n groen museumdeur***
***en vee dan 'n traan oor outydse geur***
***word gister se waspore môre se hoop***
***Graaff-Reinet het 'n pad deur ons harte kom loop***

***Geskryf deur: Kowie Rossouw***